basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V2

## NOVEMBER 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 D – maklik die mark kan betree en uittree ✓✓
1.1.2 A – eksterne voordeel ✓✓
1.1.3 C – positief ✓✓
1.1.4 A – prys ✓✓
1.1.5 B – hoë werkloosheid ✓✓
1.1.6 B – Stockholm Protokol ✓✓
1.1.7 C – Kaapse Fynbosstreek ✓✓
1.1.8 D – beskerming ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D - werklike besteding van 'n besigheid op die aankoop of huur van insette nodig vir die produksieproses ✓

1.2.2 I - verwydering van onnodige wette en regulasies om doeltreffendheid te verbeter ✓

1.2.3 F - groep produsente wat soortgelyk aan 'n kollektiewe monopolie funksioneer ✓

1.2.4 B - laer as markewewig vasgestel om goedere meer bekostigbaar te maak te maak ✓

1.2.5 H - gemeet waar ingevoerde goedere die land inkom en vervaardigde goedere die fabriek verlaat ✓

1.2.6 A - volhoubare ontwikkeling op maniere wat die omgewing beskerm ✓

1.2.7 C - volgehoue daling in die algemene prysvlak oor 'n tydperk ✓

1.2.8 E - mense wat van hulle eie lande reis om ander lande te besoek ✓
(8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Gelykbreekpunt / Normale wins ✓
1.3.2 Monopolistiese mededinging ✓
1.3.3 Korttermyn ✓
1.3.4 Toerisme/toeriste ✓
1.3.5 Allesomvattende ✓
1.3.6 Bemarkbare permit ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van vaste koste.**

- Versekering ✓
- Huur / verband kontrakte / eiendomsbelasting ✓
- Waardevermindering ✓
- Salarisse ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoekom is besighede onder die volmaakte markstruktuur prysnemers?**

As gevolg van die groot aantal besighede, word die prys deur die mark bepaal / individuele verskaffers is te klein om die markprys te beïnvloed ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Gee 'n voorbeeld van 'n negatiewe eksternaliteit.**

Besoedeling / middelmisbruik / verkeersopeenhoping ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.2.2 **Benoem die gearseerde gebied (A) in die grafiek hierbo.**

Welvaartsverlies/dooiegewig/eksterne koste/negatiewe eksternaliteit (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *sosiale koste*.**

Sosiale koste is die koste vir die gemeenskap wat privaat koste en eksterne koste insluit / gekombineerde koste vir goedere of dienste aan produsente en verbruikers en die gemeenskap as 'n geheel ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik 'n *gebrek aan inligting* aan entrepreneurs as 'n oorsaak van markmislukking.**

'n Gebrek aan inligting rakende koste, beskikbaarheid en produktiwiteit van produksiefaktore sal die effektiwiteit in produksie verlaag / onvolledige of foutiewe inligting lei tot foutiewe besluitneming oor wag, vir wie en hoe om te produseer; hulpbronne raak vermors ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Hoekom is die sosiaal optimale uitset meer voordelig vir die gemeenskap?**

- Teen die sosiaal optimale uitset sal maatskappye betaal vir die eksterne koste (eksternaliteit) wat die gemeenskap sal bevoordeel ✓✓
- Firmas sal produksie verlaag waar die negatiewe eksternaliteit ‘n kleiner impak op die gemeenskap sal hê wat meer voordele inhou ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Noem die Wet wat alle Suid-Afrikaners 'n gelyke geleentheid bied om regverdig aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem.**

Wet op Mededinging van 1998 ✓ (1)

2.3.2 **Watter instelling aanvaar of verwerp aanbevelings van die Mededingingskommissie?**

Mededingingstribunaal ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die rol van die *Mededingingsappèlhof*.**

Om 'n uitspraak te lewer in gevalle waar besighede appèl aanteken teen die Mededingingstribunaal se bevindings / hersien, aanvul of ooreenstem met bevindings van die Mededingingstribunaal ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Hoe kan klein, medium- en mikro-ondernemings tot die doelwitte van die mededingingsbeleid bydra?**

- Hulle verskaf meer mededinging wat voorkom dat monopolieë hul magte misbruik / Voorkom dat sommige firmas beperkende praktyke soos prysknoeiery gebruik ✓✓
- KMMO’s gee ‘n aanduiding dat alle Suid-Afrikaanse besighede, klein en groot van gelyke geleenthede voorsien sal word om aan die ekonomie deel te neem ✓✓ (2)

2.3.5 **Indien die samesmelting toegelaat sou word, hoe sal dit die betrokke maatskappye bevoordeel?**

- Deur samesmelting, stel die maatskappye verskillende dienste beskikbaar wat aan die verbruiker se vraag sal voldoen ✓✓
- FlySafair sal toegang hê to meer roetes wat hulle wins kan vergroot ✓✓
- Produksieprosesse sal ekonomies aangewend word, wat die produksiekoste verlaag / gebtruik minder personeel en onderhoudskoste daal ✓✓
- Risiko's en verantwoordelikhede sal gedeel word omdat hulle toegang tot meer kapitaal het ✓✓
- As gevolg van die voordeel van gekombineerde hulpbronne, sal die nuwe maatskappy kan bekostig om produkinnovering te onderneem ✓✓
- Stygende inkomste en wins kan verdien word as gevolg van 'n groter markaandeel (of afname in mededingers) ✓✓
- Skaalekonomieë kan bereik word as die nuwe firma in staat is om te onderhandel vir groter afslag as gevolg van die toenemende produksiegrootte ✓✓
- Besighede het alreeds 'n gevestigde kliëntebasis ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek kortliks *produktiewe ondoeltreffendheid* en *toedelingsondoeltreffendheid* ten opsigte van markmislukking.**

PRODUKTIEWE ONDOELTREFFENDHEID:
- As besighede nie uitsette maksimeer met gegewe insette nie ✓✓
- 'n Besigheid produseer nie goedere teen die laag moontlike koste nie ✓✓
- Daar is geleentheid om koste te verlaag sonder om minder goedere te produseer of sonder om 'n laer kwaliteit goedere te produseer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4)

TOEDELINGSONDOELTREFFENDHEID:
- Die produkmengsel reflekteer nie die verbruikers se smake nie ✓✓
- Besighede hanteer die toedeling van hulpbronne ondoeltreffend en produseer goedere en dienste wat verbruikers nie wil hê nie ✓✓
- Die hoeveelhede deur verbruikers benodig, is nie beskikbaar nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4)
('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite / voorbeelde) (2 x 4) (8)

**2.5 Evalueer die impak van onvolmaakte mededinging op verbruikers.**

**Negatiewe impak**

- Meeste besighede funksioneer in onvolmaakte markte, en maksimeer winste deur minder as die optimale hoeveelheid goedere of dienste te produseer, wat beteken dat sommige verbruikers se behoeftes nie bevredig word nie ✓✓
- Inkorting van hoeveelhede lei tot hoër pryse wat laer inkomstegroepe uitsluit ✓✓
- Nuwe besighede word somtyds verhinder om toe te tree tot die bedryfstak, wat mededinging beperk en voorkom dat verbruikers 'n verskeidenheid goedere teen laer pryse kan geniet ✓✓
- Samespanning wat baie voorkom in oligopoliemarkte lei tot hoër pryse wat daartoe kan lei dat verbruikers nie die produk kan bekostig nie ✓✓
- Verbruikers betaal hoër pryse in die onvolmaakte markte as gevolg van die feit dat produksie nie plaasvind teen die laagste punt van die LGK-kromme nie ✓✓

**Positiewe impak**

- Onvolmaakte markte kan die aanbod of uitset van sekere goedere en dienste stabiliseer wat vereis dat 'n aansienlike aanvangskapitaal beskikbaar gestel word wat 'n verskeidenheid goedere aan verbruikers beskikbaar stel ✓✓
- Onvolmaakte markte kan 'n beter kwaliteit produk aan die verbruiker lewer, omdat groter korporasies navorsing- en ontwikkelingseenhede het wat deurlopend nuwe tegnologie en beter produksiemetodes ontwikkel ✓✓
- Patentregte gee die patenthouer eksklusiewe regte in die produksie van 'n produk; dit stimuleer innovering en uitvindings (nuwe produkte) wat voordelig kan wees vir verbruikers ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORêRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Gee TWEE redes vir groei in die toerismebedryf in Suid-Afrika.**

- 'n Swak wisselkoers ✓
- Die wêreld in een land ✓
- 'n Vreedsame oorgang na demokrasie ✓
- 'n Aangename klimaat ✓
- Verslapping van VISA-regulasies ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoekom is kerninflasie laer as hooflyninflasie?**

Kerninflasie sluit produkte met hoogs wisselvallige pryse uit, terwyl hooflyninflasie hierdie produkte insluit ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Waarvandaan het meeste inkomende toeriste gedurende 2017 gekom?**

Europa ✓ (1)

3.2.2 **Wat was die persentasie toename in toeriste vanuit die Midde-Ooste?**

6.2% / 151% ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *saketoerisme*.**

Besoek plekke met die doel om vergaderings en konferensies by te woon ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Hoekom is werkskepping in die toerismebedryf maklik?**

- Dit is arbeidsintensief ✓✓
- Neem verskillende vaardighede in diens ✓✓
- Verskaf onmiddellike indiensneming ✓✓
- Verskaf entrepreneuriese geleenthede ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

Kopiereg voorbehou

3.2.5 **Wat behoort die owerheid te doen om toerisme te bevorder?**

Die owerheid behoort:
- 'n sterk bemarkingsveldtog te loods in die buiteland, om die skoonheid en uniekheid van die land te verkoop ✓✓
- die sekuriteitstelsel van die land te verbeter om die verblyf van toeriste te waarborg ✓✓
- 'n mark van 'n verskeidenheid van produkte en ontspanning te voorsien ✓✓
- die infrastruktuur te onderhou en op te gradeer ✓✓ byvoorbeeld geteerde paaie/akkommodasie ✓
- die sosiale infrastruktuur te verbeter, soos klinieke en beskikbaarheid van ambulanse ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Watter land het die grootste bevolking ter wêreld?**

China ✓ (1)

3.3.2 **Identifiseer die omgewingsprobleem verwant aan die verwydering van bome en plantlewe.**

Ontbossing / verlies aan biodiversiteit / erosie ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *biodiversiteit*.**

Die bestaan van die generiese verskeidenheid en aantal dier- en plantspesies in die ekosisteem ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Op watter manier kan die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES) die verlies aan biodiversiteit hanteer?**

CITES reik permitte en kwotas uit om handel in sekere spesies te reguleer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan omgewingsubsidies gebruik word om omgewingskade te verminder?**

Omgewingsubsidies kan gebruik word om omgewingskade te verminder deur:

- ontwikkeling van nuwe tegnieke of toerusting om energie te bespaar en rook te verminder ✓✓
- gebruik omgewingsvriendelike energie soos wind ✓✓
- moedig die produksie van omgewingsvriendelike substitute soos loodvrye petrol aan ✓✓
- moedig herbenutting van afval soos bottels en kannetjies aan ✓✓
- subsidies aan maatskappye te bied om besoedeling-uitstralings te verlaag ✓✓
- subsidies aan individue te verskaf om solarpanele tuis te installeer om elektrisiteitsverbruik te verlaag ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks die voordele van toerisme vir die *owerheid* en *infrastruktuur*.**

OWERHEID:

- Toerisme dra tot die inkome van die owerheid deur belastings soos lughawe belasting by ✓✓
- Belastings word gehef om eksterne koste te verhaal wat nie by die prys ingesluit word nie ✓✓
- Hierdie heffings vergoed die gasheerland vir die verskaffing van infrastruktuur en basiese geriewe ✓✓
- Dit is ‘n belangrike verdiener van buitelandse valuta en gee ‘n hupstoot vir die land se buitelandse valutareserwes ✓✓
- Stel die owerheid in staat om sosio-ekonomiese mikpunte te bereik rakende informele sektor groei, swart ekonomiese bemagtiging en KMMO ontwikkeling ✓✓ (Maks 4)

INFRASTRUKTUUR:

- Genoegsame en goed-onderhoude infrastruktuur is noodsaaklik vir toerisme ✓✓
- Die toeriste en inwoners deel die infrastruktuur ✓✓
- Owerhede verleen voorkeur aan die onderhoud en instandhouding van ekonomiese infrastruktuur ✓✓ (Maks 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde) (8)

3.5 **Hoe kan lande bydra om oseaan(see-)besoedeling op te los?**

Lande kan bydra tot die oplossing van seebesoedeling deur:

- heffing van groot boetes op seebesoedeling omdat die seelewe vernietig word deur optrede van mense sonder enige rede ✓✓
- voorkomend op te tree teen onverskilligheid in die bestuur van ekonomiese aktiwiteite soos boor van olie wat lei tot oliestorting wat waterspesies benadeel ✓✓
- betrokkenheid by die opruim van storting van plastiek in die oseane wat die seelewe vernietig ✓✓
- onderrig mense oor die gevare in die verbruik van besoedelde visprodukte ✓✓
- monitor die riviermonde om te voorkom dat plastiekafval na die see vloei ✓✓
- onderrig groot skeepsmaatskappye om bioafbreekbare produkte waar moontlik te gebruik ✓✓
- Suid-Afrika se voorbeeld as ondertekenaar van seelewe en hulpbronbestuur te volg ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem TWEE eienskappe van publieke goedere.**

- Nie-uitsluitbaar ✓
- Nie-mededingend ✓
- Nie-weiering ✓
- Sosiale voordele oortref private voordele ✓
- Volgehoue verbruik ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe beïnvloed inflasie beleggers positief?**

Hulle welvaart sal verhoog as die waarde van die vastebates vinniger styg as inflasie / hoër opbrengs op beleggings ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Waar sny die marginale kostekromme (MK) die gemiddelde kostekromme (GK)?**

Die MK-kromme sny die GK-kromme op sy minimumpunt / $e_1$ / teen prys van R7,00 en 'n hoeveelheid van 500 ✓ (1)

4.2.2 **Identifiseer die prys waarteen die individuele produsent 'n ekonomiese wins maak.**

R10 ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *marginale koste*.**

Die addisionele koste wat aangegaan word as een meer eenheid van 'n produk geproduseer word ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Hoekom is die marginale inkomstekromme (MI) in die volmaakte mark dieselfde as die vraagkromme?**

Elke addisionele eenheid sal verkoop word teen dieselfde prys, wat die horisontale vraagkromme is ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(2)

4.2.5 **Verduidelik hoe langtermynewewig op die mark bereik word.**

- Ekonomiese winste lok nuwe deelnemers na die mark wat die markaanbodkromme na regs skuif en die prys verlaag ✓✓
- Die individuele firma is 'n prysnemer en die laer prys sal die ekonomiese winste uitwis totdat die prys (gemiddelde inkomste) gelyk is aan gemiddelde koste ✓✓
- Die langtermyn ewewigspunt is waar normale wins voorkom ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Watter tipe toerisme word in die prent hierbo uitgebeeld?**

Ekotoerisme / ontspanning en rekreasie ✓ (1)

4.3.2 **Watter organisasie is verantwoordelik vir die bemarking van toerisme in Suid-Afrika?**

Suid-Afrika Toerisme / SATOUR ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *inheemse kennisstelsels*.**

Die tradisionele praktyke, erfenisse, kulturele seremonies en manier van leef wat 'n land uniek maak ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Hoekom is dit nodig om besoeke aan die verskillende SANParke in Suid-Afrika te beheer?**


Voorkom die verlies aan wildspesies as gevolg van stropery / die natuurskoon kan waardeer word / voorkom omgewingstres byvoorbeeld veldbrande / verseker veiligheid vir beide diere en besoekers ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan die bemarking van Wêrelderfenisterreine plaaslike gemeenskappe bevoordeel?**

Plaaslike gemeenskappe sal voordeel trek deur:
- werk te vind in besighede wat in die omgewing opgerig word ✓✓ byvoorbeeld toergidse, rariteitewinkel ✓
- verbeterde infrastruktuur soos paaie, elektrisiteit en 'n gevorderde kommunikasiestelsel ✓✓
- deel te vorm van die informele sektor as entrepreneurs wat unieke items verkoop wat 'n weerspieëling van hul kulture is ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Verduidelik, met die hulp, van 'n grafiek die impak van minimum pryse op die mark.**




| |
|---|
| **Toekenning van punte:**<br>• Korrekte aandui van minimum prys = 2 punte<br>• Korrekte benoeming van asse = 1 punt<br>• Korrekte benoeming van krommes = 1 punt<br>**Maksimum punte = 4** |

- 'n Minimum prys word vasgestel om produsente te help, omdat die ewewigsprys te laag is ✓✓
- Dit stel produsente in staat om 'n redelike wins te genereer ✓✓
- Dit moedig produsente aan om belangrike noodsaaklikhede te produseer ✓✓
- 'n Minimumprys skep 'n surplus in die ekonomie (die verskil tussen $Q_2$ en $Q_1$) ✓✓
- 'n Surplus impliseer dat die owerheid die surplus moet koop en plaaslik of oorsee stort ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (8)

4.5 **Hoe suksesvol was Suid-Afrika tot dusver om onderrig/opleiding te gebruik om omgewingsvolhoubaarheid te verseker?**

**Suid-Afrika was suksesvol omdat:**

- die nasionale onderwysraamwerk omgewingstemas in skoolvakke geïntegreer het ✓✓
- private-publieke vennootskappe tussen skole en besighede jongmense bemagtig deur hulle bloot te stel aan projekte wat aan die omgewing verwant is ✓✓
- die Kaapse Luiperdtrust wat leerders tussen 10 en 18 jaar betrek by opvoedkundige omgewingsuitstappies ✓✓
- munisipaliteite het beleide wat mense bewus maak van die belangrikheid van die beskerming van die omgewing ✓✓ bv. waterbewaring ✓
- nie-winsgewende organisasies soos die Nasionale Hergebruikforum wat hergebruik aanmoedig en in die laaste sewe jaar Europese lande uitgestof het in hergebruik ✓✓
- omgewingsadviseurs is indiens geneem en by munisipale kantore geplaas✓✓

**Suid-Afrika was nie suksesvol nie omdat:**

- ondanks die nasionale omgewingsonderrig beleid, neem omgewingsprobleme soos besoedeling in stedelike gebiede steeds toe ✓✓
- in die landelike gebiede neem ontbossing toe omdat mense inheemse bome as vuurmaakhout gebruik ✓✓
- agteruitgang van grond kom steeds voor omdat swak boerderymetodes en oorbeweiding in arm gemeenskappe aangetref word ✓✓
- die omgewingsbeleide word dikwels nie op munisipale vlak geïmplementeer nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.
Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

## VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE

- **Bespreek, met die hulp van grafieke, hoe ekonomiese wins en ekonomiese verlies in 'n monopoliemark bepaal word. (26 punte)**


- **Hoekom weerspreek die werkverrigting van natuurlike monopolieë die langtermyn-ewewigsposisie van 'n monopolie? (10 punte) [40]**

## INLEIDING

'n Monopolie is 'n markstruktuur waar slegs een verkoper funksioneer. Toetrede is geblokkeer en die produk het geen naby-substitute nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

## INHOUD: HOOFDEEL


### Ekonomiese winste




| **Puntetoekenning** |
|---|
| Korrekte posisie en benoem van kostekrommes = 1 punt |
| Korrekte posisie en benoem van inkomstekrommes = 1 punt |
| Korrekte aanduiding van winsmaksimeringspunt = 1 punt |
| Korrekte aanduiding van markprys = 1 punt |
| Korrekte aanduiding van ekonomiese wins = 2 punte |
| **Maks 6 punte** |

- Die monopolis is onderhewig aan dieselfde tegnologiese en kostebeperkinge as ander markstrukture ✓✓
- Die kostestruktuur van die monopolie is dieselfde as dié van mededingende besighede waar die monopolis sal probeeer om beide kort- en langtermynwins te maksimeer ✓✓
- Die ligging van die KGK in verhouding tot die markprys bepaal die wins of verlies✓✓
- Die MI-kromme lê onder die GI-kromme, halfpad tussen die GI en die oorsprong✓✓
- Die MK-kromme sny die GK-kromme op sy minimumpunt ✓✓
- Bepaal die punt waar KMK = MI – punty waar produksiekoste van die laaste eenheid gelyk is aan die inkomste wat dit verdien (punt e) – winsmaksimering, produksie hoeveelheid van Q op die horisontale as ✓✓
- Die monopolis sal produseer teen 'n uitset (Q[10]) waar MI = MK, omdat wins by hierdie vlak maksimeer ✓✓
- Punt a verteenwoordig die gemiddelde inkomste teen 'n verkoopprys van P[10] terwyl punt b die gemiddelde koste teen kosprys (C[6]) verteenwoordig ✓✓
- Die gemiddelde inkomste meer is as die gemiddelde koste en lei tot 'n ekonomiese wins vir die besigheid / as die totale inkomste meer is as die totale koste lei did tot ‘n ekonomiese wins vir die besigheid ✓✓
- Die monopolie maak ekonomiese wins as die GK-kromme onder die markprys (GI) lê ✓✓
- Die monopolie blokkeer enige nuwe deelnemers sodat moontlike mededingers nie die korttermyn ekonomiese wins kan verminder nie ✓✓
- Totale inkome = Prys x Hoeveelheid = OP(10) x OQ(10) = OPaQ (100)
  Totale koste = Koste x Hoeveelheid = Oc(6) x OQ(10) = OCbQ (60)
  Ekonomiese wins = Inkome – Koste = 100 – 60 = Cpab(40) ✓✓ (Maks 10)

**Ekonomiese verlies**




**Puntetoekenning**
Korrekte posisie en benoem van kostekrommes = 1 punt
Korrekte posisie en benoem van inkomstekrommes = 1 punt
Korrekte aanduiding van winsmaksimeringspunt = 1 punt
Korrekte aanduiding van markprys = 1 punt
Korrekte aanduiding van ekonomiese wins = 2 punte
**Maks 6 punte**

- Die minimumpunt van die KGK is hoër as die markprys ✓✓
- 'n Monopolie ly 'n ekonomiese verlies as sy inkomste minder as sy koste is ✓✓
- Die monopolis sal produseer teen 'n uitsetvlak waar MI = MK, omdat dit verliese minimeer by hierdie vlak ✓✓
- Punt g verteenwoordig die gemiddelde inkomste teen 'n verkoopprys van P[7] terwyl punt f die gemiddelde koste teen 'n kosprys van C[10] verteenwoordig ✓✓
- Die gemiddelde koste is dus meer is as die gemiddelde inkomste wat lei tot 'n verlies vir die besigheid / as die totale koste meer is as die totale inkomste lei dit tot ‘n verlies vir die besigheid ✓✓
- Die gearseerde gedeelte PCef toon die ekonomiese verlies ✓✓
- Die monopolie ly 'n ekonomiese verlies oor die korttermyn as die GK-kromme bo die markprys (g) lê ✓✓
- Totale inkome = Prys x Hoeveelheid = OP(7) x OQ(5) = OPgQ (35)
  Totale koste = Koste x Hoeveelheid = Oc(10) x OQ(5) = OCfQ (50)
- Ekonomiese verlies = Inkome – Koste = PCfg (15) ✓✓ (Maks 10)

(Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

**Hoekom weerspreek die werkverrigting van natuurlike monopolieë die langtermyn-ewewigsposisie van 'n monopolie? (10 punte)**

Natuurlike monopolieë se werkverrigting is nie altyd in lyn met die langtermyn ewewigsposisie van 'n monopolie nie, omdat:

- in vergelyking met 'n tipiese monopolie waar ekonomiese wins altyd voorkom oor die langtermyn, geniet natuurlike monopolieë nie die voordele wat deur ander monopolieë ervaar word nie ✓✓
- natuurlike monopolieë vereis hoë ontwikkelingskoste wat voorkom dat ander deelnemers tot die mark kan toetree ✓✓
- natuurlike monopolieë verskaf goedere en dienste aan die volk as 'n geheel en is dit dus moeilik om baie hoë pryse vas te stel ✓✓
- Eskom wat onderworpe is aan die Nasionale energiereguleerder in Suid-Afrika (NERSA) wat die verkoopprys van elektrisiteit in Suid-Afrika vasstel ✓✓
- 'n natuurlike monopolie hoë instandhoudingskoste ondervind wat winste nadelig raak, in vergelyking met kunsmatige monopolieë ✓✓
- die natuurlike monopolieë kan nie hoeveelhede manipuleer om pryse te verhoog nie ✓✓
- inkomste blyk laer te wees weens korrupsie, nie-betaling deur 'n groot aantal verbruikers (soos by elektrisiteit) ✓✓
- 'n monopolie onder normale omstandighede sy deure sal sluit as gemiddelde koste sy gemiddelde inkomste oor die langtermyn oorskry, maar by natuurlike monopolieë soos SAA verskaf die staat finansiële hulp, te danke aan die strategiese posisie in die land ✓✓
- die interne (private koste) struktuur van natuurlike monopolieë toegeneem het, maar die private voordele (inkomste uit verkope) gestagneer het as gevolg van die swak onderhoud van die infrastruktuur ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 10)

**SLOT**

Die monopolie kan voortgaan om 'n ekonomiese wins te verdien solank as wat die vraag na sy produk bestaan en sy produksiekoste dieselfde bly ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) (Maks 2)

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

- **Ondersoek in detail die oorsake van kostedruk-inflasie. (26 punte)**
- **Ontleed die negatiewe impak van geadministreerde pryse op die ekonomie. (10 punte) [40]**

### INLEIDING

Inflasie is 'n volgehoue en aansienlike styging in die algemene pryspeil oor 'n sekere periode / Kostedruk-inflasie is die gevolg van 'n wanbalans tussen aanbod en vraag as gevolg van kostefaktore, gewoonlik waar 'n onelastiese vraag aangetref word ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Maks (2)

### INHOUD: HOOFDEEL

**Lone** ✓
- Lone styg hoër as produktiwiteit en veroorsaak 'n styging in koste vir die produsente ✓✓
- Die enkele mees belangrike koste-item in enige ekonomie wat die meeste waarde toevoeg tot basiese pryse ✓✓
- 'n Styging in geadministreerde pryse kan daartoe aanleiding gee dat vakbonde hoër lone eis, omdat produsente net eenvoudig die styging in die prys by die prys van die finale produk voeg ✓✓

**Stakings en wegbly-aksies** ✓
- Stakings verminder produksie-uitset en veroorsaak 'n daling in die aanbod ✓✓

**Belastings** ✓
- 'n Toename in direkte belasting kan lei daartoe dat produsente pryse verhoog om voorsiening te maak vir hul ekstra belastinglas ✓✓
- 'n Styging in indirekte belasting soos BTW, doeanebelasting of aksynsregte sal by die finale prys gevoeg word ✓✓

**Sleutelinsette** ✓
- As die prys van ingevoerde sleutelinsette styg, sal binnelandse produksiekoste styg wat lei tot ingevoerde inflasie ✓✓
- Produsente verhaal hierdie koste deur pryse van hul produkte te verhoog ✓✓
- Die hoë koste van insette in die landbousektor, soos diesel en kunsmis word by die pryse van produkte gevoeg ✓✓
- Aanbod-skokke mag ‘n verwante effek hê op ander produkte as gevolg van hoër petrolpryse en vervoerkoste ✓✓

**Winsgrense** ✓
- As besighede hul winsgrense opskuif/die monopolie-effek, verhoog hulle die produksiekoste en die prys wat verbruikers moet betaal, en dra dit by tot inflasie ✓✓
- Vervaardigers verhaal die hoër pryse wat hulle moet betaal deur hul eie pryse te verhoog ✓✓
- In die VSA word etanol-produksie gesubsidieer, wat veroorsaak dat boere oorskakel na koringproduksie vir energie. Dit het gelei tot 'n tekort aan voedsel en 'n styging in pryse ✓✓

**Produktiwiteit** ✓
- As verskeie produksiefaktore minder produktief raak maar steeds dieselfde vergoeding ontvang, sal die koste van die produksie van elke uitset-eenheid styg ✓✓
- 'n Stelselmatige daling in produktiwiteit terwyl indiensneming en lone konstant bly ✓✓

**Wisselkoers** ✓
- As die rand depresieer teenoor die vernaamste geldeenhede, raak invoere uit hierdie lande duurder ✓✓
- Produsente sal meer moet betaal vir dieselfde hoeveelheid produkte as voorheen; hierdie styging word gewoonlik op die verbruiker afgeskuif ✓✓

**Natuurrampe** ✓
- Rampe soos vloede en droogtes beïnvloed die produksiekoste negatief ✓✓
- Voedselpryse is een van die mees wisselvallige prys-items as gevolg van die uitwerking van klimaatsverandering ✓✓
- Eksterne skokke soos OPEC wat die wêreld se olievoorraad beheer / natuurrampe lei tot laer produksie ✓✓
- Uitputting van natuurlike hulpbronne lei tot 'n beperkte aanbod wat pryse laat styg soos byvoorbeeld visvoorrade ✓✓

**Diefstal deur werknemers en winkeldiefstal** ✓
- Baie besighede maak voorsiening vir verliese wat veroorsaak word deur diefstal van werknemers en winkeldiefstal wat veroorsaak dat pryse van goedere styg ✓✓
- Die koste van installering van sekuriteitsmaatreëls verhoog die insetkoste ✓✓

**Rentekoerse** ✓
- 'n Styging in die rentekoerse beteken dat besighede meer sal moet betaal vir lenings – hierdie styging word ook by die verkoopprys gevoeg ✓✓
- ‘n Styging in internasionale lenings en nasionale skuld beïnvloed rentekoerse wat pryse opwaarts beïnvloed ✓✓

**Lae spaarvlakke** ✓
- Lae besparings lei tot beperkte belegging wat ‘n hindernis plaas op die uitbreiding van produksiekapasiteit wat ‘n daling in die aanbod van goedere veroorsaak ✓✓

(Ken 'n maksimum van 8 punte vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Maks (26)

## ADDISIONELE DEEL

Geadministreerde prys goedere het 'n negatiewe impak op die ekonomie omdat:

- die owerheid nie in staat is om geadministreerde pryse binne die inflasie teikens te hou nie (meestal bo 10%) ✓✓
- 'n aansienlike aantal geadministreerde prys-goedere word gebruik in die berekening van die VPI en plaas druk op pryse wat mededingendheid verminder✓✓
- skerp styging in die pryse van elektrisiteit, watertariewe en munisipale dienste bedreig die mynbou- en vervaardiging se kapasiteit wat veroorsaak dat buitelandse investeerders hul beleggings onttrek ✓✓
- die owerheid het beperkte beheer oor die brandstofprysstygings wat bepaal word deur die wisselkoers (die depresiasie van die rand) en internasionale oliepryse ✓✓
- die styging in brandstofpryse (bo die inflasieteiken van 6%) het die produksiekoste van alle goedere en dienste verhoog ✓✓
- die koste van die VPI-mandjie van goedere sal verder styg as gevolg van stygende vervoerkoste ✓✓
- die stygende vervoerkoste sal die aanbod van goedere beperk, wat 'n negatiewe impak op die verbruiker sal hê deur hoër markpryse ✓✓
- die prys van brandstof in Suid-Afrika sluit verskillende heffings in soos byvoorbeeld die padongeluksfonds, wat meer as die VPI gestyg het ✓✓
- die verhoogde druk op die VPI kan lei tot 'n situasie van stagflasie (hoë werkloosheid, lae groei en hoë inflasie) ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 10)

## SLOT

Dit is belangrik vir 'n land om verskeie maatreëls in te stel om inflasie te beheer, aangesien die gevolge van inflasie vernietigend kan wees ✓✓ Maks (2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou